
JW.ORG™

Laai hierdie PDF af by www.jw.org/af

# Hulp om vrae te beantwoord

Hoe voel jy wanneer iemand jou vra oor iets wat jy glo? Dit is normaal om senuweeagtig te wees. Lees Jeremia se woorde en Jehovah se aanmoediging in Jeremia 1:6-8. Jehovah het Jeremia gehelp, en Hy sal jou help om met ander oor jou geloof te kan praat!

Jy sal ook meer selfvertroue hê as jy voorberei. Kyk as 'n gesin deur "Algemene vrae oor Jehovah se Getuies" op jw.org/af. (Kyk onder OMTRENT ONS > ALGEMENE VRAE.) Kies die vraag wat julle heel waarskynlik gevra sal word. Lees die antwoord. Bespreek hoe elkeen van julle die vraag in julle eie woorde kan beantwoord. Oefen dan julle antwoorde deur beurte te maak om die vraag te vra en te beantwoord. Skryf in die spraakborrel bo die een kind se kop die vraag wat julle moontlik gevra sal word. Skryf in die ander spraakborrel neer hoe julle sal antwoord.



▶ **PROBEER NOU DIE VOLGENDE:** Leer meer oor die profeet Jeremia. Laai die Bybelkarakterkaart oor Jeremia af by jw.org/af. (Kyk onder BYBELLERINGE > KINDERS > BYBELKARAKTERKAARTE.) Probeer die vrae op die kaart beantwoord, en kyk dan of julle antwoorde reg is deur die kaart te lees.

www.jw.org/af © 2013 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania